# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) English/Afrikaans | November 2017 Edition 1


# EPWP is creating jobs



**COMMUNITY MEMBERS** of Thaba Nchu in the Free State, are enjoying the benefits of the Expanded Public Works Programme (EPWP).

**Edwin Tshivhidzo**

Deputy President Cyril Ramaphosa says he is impressed with how the EPWP is improving the lives of these residents.

The skills being imparted to local community members, as well as the stipend they earn, are helping them live a better life.

"Government is touching the lives of our people, and we are very impressed with that," he said when addressing residents after visiting various EPWP projects in the province.

The Deputy President confirmed that the EPWP is one of government's flagship programmes.

It is aimed at providing income relief through temporary work for the unemployed, and provides an important avenue for labour absorption and income transfers to poor households, in the short- to medium-term. Accompanied by cabinet ministers, the Deputy President visited the Thaba Nchu Bus Route Project and the Thaba Nchu Ratlou Complex.

> "I am happy that I am now able to support my family. I am happy with what our government is doing for us."

Cont. page 2



**Rand West Municipality empowers youth**

Page 4



**New clinic brings relief**

Page 6

2030 NDP


*"Using the power you derive from the discovery of the truth about racism in South Africa, you will help us to remake our part of the world into a corner of the globe on which all - of which all of humanity can be proud."*

Oliver Tambo - Georgetown University, January 27, 1987

Life and legacy of
OR TAMBO.
100 YEARS





ALSO AVAILABLE ON:

ANDROID APP ON Google play

Available on the iPhone App Store

@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy

# Laat jou stem hoor teen huishoudelike geweld

**'N JAARLIKSE** bewustheidsveldtog wat 16 dae duur, is voluit daarop gemik om Suid-Afrikaners te bemagtig om standpunt teen die mishandeling van vroue en kinders in te neem.



**Dineo Mrali**

"Hy het 'n das om my nek vasgebind en my gesig in 'n bak water gedruk om my te laat versmoor. Na 'n paar sekondes het hy my kop uit die water opgelig en my geklap."

Dit is die hartverskeurende woorde van 'n oorlewende van huishoudelike geweld, Mara Glennie (65) van Johannesburg.

Glennie het haar ervaring van hoe sy huishoudelike geweld en aanranding deur haar eggenoot van 19 jaar oorleef het, gedeel.

"Dit was 'n 10-jaarlange reis deur berading en vriende se ondersteuning wat my gehelp het om die punt te bereik waar ek vandag is," vertel sy. Sy sê dat sy ondanks die vernietigende mishandeling waaraan sy blootgestel is, deesdae nie net elke dag kan opstaan, aantrek en haar dagtaak verrig nie, maar dat sy ook uitreik na ander mense wat mishandeling en geweld ervaar het.

> "Indien jy voel dat jy 'n slagoffer van enige huishoudelike geweld is, kan jy jou plaaslike landdroskantoor nader vir hulp om aansoek te doen vir die uitreik van 'n beskermingsbevel."

Sy is jare lank verbaal en seksueel mishandel, maar het haar man weens misplaaste lojaliteit en liefde nie verlaat nie. "Ek kon nie vir my familie vertel wat agter geslote deure gebeur nie, omdat hulle onder die indruk verkeer het dat my huwelik 'volmaak' was."

Na jare se mishandeling het die besef dat haar man haar verkul het en haar huwelik op leuens gegrond was, haar uiteindelik aangespoor om hom te verlaat. Haar man het haar om verskoning probeer vra, maar toe sy sy verskoning verwerp het, het hy selfs nog meer gewelddadig geraak.

Hy het haar fisies aangerand en sy het die voorval by die polisie aangemeld.

'n Paar weke later het sy hom om 'n egskeiding gedagvaar en terug verhuis na George in die Wes-Kaap om nader aan haar familie te wees.

"Ek het destyds 'n behoefte gehad om naby die mense te wees wat my lief het."

Sy beklemtoon dat slagoffers in sulke situasies hul familielede en vriende se hulp baie nodig het.

Met hulle hulp en ondersteuning het sy haar selfvertroue herwin en na Johannesburg teruggekeer, waar sy TEARS begin het. Dit is 'n organisasie sonder winsoogmerk, wat ondersteuning aan slagoffers van verkragting en seksuele mishandeling bied.

Vanaf 25 November tot 10 Desember ondersteun Suid-Afrika die veldtog 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders, wat ook 'n internasionale bewustheidsveldtog is.

Glennie sê dat sy deur haar nie-winsgewende organisasie hoop om bewustheid oor huishoudelike geweld te verhoog en slagoffers van mishandeling te help.

"Dit is vervullend om te weet dat ek 'n verskil maak," sê sy.

**Om huishoudelike geweld aan te meld, skakel:**

- **Die SAPD se Stop Misdaad-lyn by 08600 10 111**
- **Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se 24-uurbeheersentrum: 0800 428 428 (tolvry) – inbellers kan met 'n maatskaplike werker praat vir bystand en berading.**

***Dineo Mrali werk vir die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling.**

## Wat is huishoudelike geweld?

**Volgens Matome Modiba**, regsadminbeampte by die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling se streekskantoor in Gauteng, is huishoudelike geweld enige vorm van mishandeling, hetsy dit fisies, seksueel, emosioneel, sielkundig of ekonomies is.

Dit sluit in skade aan eiendom, bekruipery, betreding van iemand se eiendom sonder hul toestemming en enige ander vorm van mishandeling of dominerende gedrag waar sodanige optrede skade aan 'n persoon se gesondheid, veiligheid of welsyn veroorsaak of kan veroorsaak.

Modiba sê mense wat enige vorm van mishandeling ervaar, kan aansoek doen om 'n beskermingsbevel. Dit is 'n dokument wat deur die hof uitgereik word om te voorkom dat die mishandelaar verdere dade van huishoudelike geweld pleeg.

"Mense kan beskerming eis teen die persoon met wie hulle getroud is, hetsy ingevolge die gemenereg of siviele reg. Dit sluit jou lewensmaat in van dieselfde of teenoorgestelde geslag,wat saam met jou woon of gewoon het, selfs al is of was julle nie getroud nie.

"Indien jy voel dat jy 'n slagoffer van enige huishoudelike geweld is, kan jy jou plaaslike landdroskantoor nader vir hulp om aansoek te doen vir die uitreik van 'n beskermingsbevel."

Die klerk van die hof sal klaers help om die nodige vorms te voltooi en 'n landdros sal besluit om die bevel toe te staan of nie.

"Hierdie diens is in noodgevalle 24 uur per dag beskikbaar," sê Modiba.

Diegene wat mishandeling wil aanmeld, moet die hof naaste aan hul woon- of werkplek nader.

"Indien jy gedwing is om jou woonplek te verlaat as gevolg van geweld en tydelik elders woon, kan jy die hof naaste aan jou tydelike woonplek nader."

Die tussentydse beskermingsbevel moet so gou moontlik aan die respondent bestel word.

"Jy kan die bevel nie persoonlik aan die respondent oorhandig nie, omdat dit nie die korrekte prosedure is nie. Met ander woorde, die oorhandiging van die tussentydse beskermingsbevel is die verantwoordelikheid van iemand in 'n amptelike posisie, soos 'n polisiebeampte, balju of klerk van die hof."

Modiba verduidelik verder dat indien die respondent die beskermingsbevel skend, 'n klag by die naaste polisiestasie ingedien moet word. 'n Lasbrief vir die inhegtenisneming van die respondent sal dan, indien nodig, uitgereik word.

"Nadat die respondent gearresteer is, sal hy of sy van 'n misdaad aangekla word en in 'n strafhof verhoor word vir die skending van die beskermingsbevel."

# People with disabilities on the move

**THE ETHEKWINI** Municipality's Dial-A-Ride initiative has made moving around the city much easier for people with disabilities.

**Hlengiwe Ngobese**

In a bid to ensure that People with disabilities make a meaningful contribution to the mainstream economy, the eThekwini Municipality has set aside R30 million for the operation and maintenance of specially-adapted buses.

Through the Dial-A-Ride fleet initiative – introduced in 2011, commuters call a custom-designed bus to transport them to and from their workplace. The vehicles offer a demand-responsive public transport service for people with disabilities. About 4 000 people are registered for the service, with an average of 2 400 passengers a month.

The service is mainly used by wheelchair users and visually impaired people. eThekwini Transport Authority (ETA) Deputy Head for Public Transport, Mlungisi Wosiyana, said Dial-A-Ride was established to ease challenges faced by people with disabilities in accessing mainstream public transport services, like buses and taxis.

"The city introduced the service as an interim measure to address this challenge," he said, adding that the door-to-door transport service has been prioritised for people who need to get to work. It is also used during off-peak times to transport people to clinics and for social and religious trips. The buses can be hired and used to transport people with disabilities to special events.

The buses, which can accommodate between five and seven wheelchairs and people on crutches in fixed seats, have SABS-approved hydraulic lifts to ensure safety. Ten of the fleet's 12 vehicles are fully operational. The other two are only used when there is a demand. Because safety is of paramount importance, the vehicles' roadworthiness is regularly checked and the drivers have been given vehicle and passenger care training.



Former eThekwini Municipality Speaker Cllr Logie Naidoo, ETA's Shoneeze Franks (in red) and Logan Moodley watch as driver Mfanafuthi Ngcobo and Dial-A-Ride user Sboniso Dlamini demonstrate how the lift of one of the new GO!Durban Dial-A-Ride buses works.

One of the Dial-A-Ride commuters, Sboniso Dlamini, who uses the service to travel to work every day, said the buses are a relief. "The drivers help us get into the bus and fasten our seat belts. With public taxis, we are not given even the chance to sit because taxi drivers are always rushing to pick up at the next stop," he said. V

# Nuwe R5-munt vereer OR Tambo

**'N REEKS** gedenkmunte sal Suid-Afrika se erfenis en trots help bewaar.




**Nonkululeko Mathebula**

Om saam te val met die eeufeesherdenking van die internasionale ikoon OR Tambo se geboorte, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank 'n nuwe R5-sirkulasiemunt ter ere van hom uitgereik.

Die munt vorm deel van 'n reeks van vier nuwe gedenkmunte wat die ontslape veteraanvryheidsvegter vereer. Die ander drie is spesiale uitgawe-versamelaarsmunte wat nie gesirkuleer kan word nie.

Die munte, wat Tambo se geboorte herdenk, is onlangs by die OR Tambo-kultuurbuurt in Benoni, oos van Johannesburg, bekendgestel en beklemtoon Tambo se rol in die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika.

Tydens die bekendstellingsfunksie het die Goewerneur van die Reserwebank, Lesetja Kganyago, gesê die munte huldig die rol wat Tambo gespeel het om apartheid te oorwin.

"Die nuwe munte, weerspieël integriteit en sal wyle OR Tambo se nalatenskap laat voortleef.

"Tambo se optrede het altyd gespreek van integriteit, vertroue en aanspreeklikheid en dit is eienskappe wat hoog op prys gestel word deur die Reserwebank is," het Kganyago gesê.

Die agterkant van die algemene sirkulasiemunt vertoon 'n nekwapen en staf, terwyl die voorkant die landswapen, die jaar van uitreiking en die woorde 'Suid-Afrika' in Engels en Xitsonga aandui.

Die versamelaarsmunte is nie by banke aflosbaar nie en kan nie gebruik word om produkte of dienste te koop nie. Die algemene sirkulasiemunte is slegs hul sigwaarde werd en moet eerder gebruik word as om hulle te bewaar, sodat so veel as moontlik Suid-Afrikaners die geleentheid kry om hul prag te ervaar.

**"Die munte wat die Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Munt uitgereik het, is nie net mooi nie, maar ook 'n platform vir ons erfenis."**

Oliver Tambo se seun, Dali Tambo, het gesê sy familie voel geëer deur hierdie gebaar.

"Die munte wat die Reserwebank en die Suid-Afrikaanse Munt geproduseer het is nie net mooi nie, maar is ook 'n platform vir ons erfenis. Hulle is 'n gedenkplatform en 'n uitdrukking van die verbintenis tot die waardes en ideale waarvoor my pa gestaan het.

"Ek hoop dat nog baie meer sulke munte uitgereik sal word, en dat daar binnekort munte sal wees wat Chris Hani en talle ander wat ook 'n deurslaggewende rol gespeel het, sal uitbeeld. My pa sou baie daarvan gehou het," het Tambo gesê.

Oliver Tambo is op 27 Oktober 1917 gebore en was 'n anti-apartheidsaktivis wat as president van die ANC gedien het. Hy is in 1993 oorlede. V